na uurse kreatiewe kursusse

kreatiwiteitsentrum
creativity centre

2010

werkswinkels

F2

(27) 18 299 4094
(27) 18 299 4097
jean.leclus@nwu.ac.za

MAAK VOL BY DIE
KREATIWITEIT SENTRUM

sentrum vir kreatiwiteitsopleiding

VIR IDEES WAT KAPELE 2010

ONTWERP
DRAMA
SKILDER

(27) 18 299 4094
(27) 18 299 4097
jean.leclus@nwu.ac.za

Gebou F2 Kamer G05

April - Oktober 2010

EISh!
art
DIS WARM ONTWERP MAFURA

werksKAPPIE

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS



The world is but a canvas to the imagination	6
Algemene inligting	6,7
Fotografie vlak 1 (Inleiding tot fotografie) kort kursus	8
Fotografie in praktyk	9
Fotografiewaardering en -geskiedenis	9
Kukummi & 4 Elemente	10
Kreatiewe onthaal	11
Kreatiewe intelligensie	11
Inleiding tot Modeontwerp	12
Video: Final Cut Pro/iMovie	12
Rekenaargebasseerde Werkswinkels	13
Registrasie Informasie/Bankbesonderhede	14
Registrasievorm	15

The world is but a canvas to the imagination

-Henry David Thoreau

Kreatiwiteitsentrum

Die Kreatiwiteitsentrum strewe daarna om die wêreld te verbeter. Nie deur die armes te voer of die kweekhuisgasse te verminder nie (alhoewel dit ook vir ons belangrik is). Ons wil die wêreld vir jou aanbied as 'n wit doek waarop jy met jou verbeelding kosbare beelde kan skep. Ons wil jou help om jou kreatiewe talent te ontwikkel en te koester.

Die Sentrum vir Kreatiwiteitsopleiding strewe daarna om kreatiewe opleiding van die hoogste gehalte te verskaf, sodat jy jou talent kan ontwikkel en 'n verskil kan maak. Ons wil toesien dat jou werk van die beste gehalte is – of jy nou jou buurman se muur met graffiti wil versier, of jou werk aan die wêreld wil uitstuur. Ons wil trots wees as ons naam op jou CV verskyn – en ons wil ook nie hê jy moet minderwaardig voel in die geselskap van jou vriende wat by 'n private instansie in Johannesburg studeer het nie.

Ons hou al die nuutste nasionale en internasionale neigings dop en ons probeer ons bes om dit aan jou beskikbaar te stel. Praktiese kennis is vir ons belangrik en ons wil jou dinge leer wat jy in die bedryf kan gebruik.

Tydsduur van kursusse

* Alle kursusse, behalwe waar anders aangedui, begin April en duur tot Oktober.
* Inligting oor die kursusdae en -tye kan gevind word by die uiteensettings. Slegs Drama ADK en Kreatiewe Dans word aangebied tydens universiteitvakansies.
* Alle klasse, behalwe waar anders aangedui, is geskeduleer van 18:00-20:00 en begin die week van die 12de April.

Kursusmateriaal

Kursusgangers is verantwoordelik vir die aankoop van nodige materiaal – dit is dus nie ingesluit by die kursusfooi nie. 'n Materiaallys sal tydens jou eerste klas bekend gemaak word, asook die geleentheid om materiale aan te koop by *One Stop Art Shop*.

Sertifikate

Kursusgangers ontvang hul sertifikate aan die einde van hul kursus by die sentrum se jaaruitstalling.
Kursusgangers wat nie aan die minimum vereistes van die sertifikaat voldoen nie, maar wat 70% van die klasse bygewoon het, sal 'n bywoningsertifikaat ontvang.
Kursusgangers wat uitstekend gevaar het deur die jaar sal beloon word met 'n lof sertifikaat.

Jaar uitstalling

Die uitstalling word gehou op 11 Nov 2010. Die uitstalling open om 17:30 by die Botaniese tuine galery, en om 19:00 by die Hoofgalery op kampus. Een werk per kursusganger word uitgestal, een gas per kursusganger. Die uitstalling is oop vir die publiek vir 1 week, dus 12 - 17 November. Werke kan afgehaal word by die afsonderlike galerye op 18 en 19 November tussen 10:00 en 16:00. Indien werke en sertifikate nie afgehaal word voor 31 Maart 2011 by Jean nie sal dit besittings word van die sentrum. Alle werke in hierdie boekie is geneem by 2009 se uitstalling.

Professionele sertifikate in ...

Fotografiepraktyk:

Die kurrikulum bestaan uit die volgende:
* Fotografie vlak 1 (Inleiding tot fotografie)
* Fotografie vlak 2 (Gevorderde fotografie)
* Sagteware vir digitale fotografie
* Fotografiewaardering en -geskiedenis
* Fotografie: Besigheidspraktyk

Grafiese ontwerppraktyk

Die kurrikulum bestaan uit die volgende sertifikaatkursusse:
*Grafiese ontwerp (vlak 1)
*Grafiese ontwerp (vlak 2)
*Rekenaarsagteware (Adobe Photoshop, Adobe Illustrator & Adobe InDesign)
Enige twee van die volgende:
*Tekenkuns
*Webbladontwerp (vlak 1)
*Fotografie (vlak 1/2)
Alle kursusse moet suksesvol voltooi word om te kwalifiseer vir 'n Professionele Sertifikaat.

Assessering

Kursusgangers moet aan vasgestelde minimum vereistes voldoen om te kwalifiseer vir 'n sertifikaat. Die aard van assesseringsprosedures word deur elke dosent bepaal.

Toelating tot rekenaarlokale

Toegang tot die rekenaarlokale in die Perskor-sentrum (F20) vir die kursusse Rekenaarsagteware, Webbladontwerp, Sagteware vir digitale fotografie en Grafiese ontwerp moet voor kursus begin gereël word. Beskermingsdienste (018 299 2209) van die NWU reik diverse toegangskaarte uit vir die draaihek in die Perskor-sentrum. Dit is belangrik om 'n kaart kry voordat die eerste klas begin:
1. Kry 'n diverse kaart by Beskermingsdienste op Potchefstroomkampus (koste: R40).
2. Verskaf die kaartnommer aan Jean sodat sy dit kan aktiveer.
3. As jy reeds 'n kaart het, moet jy dit aanmeld by Jean, sodat sy dit kan aktiveer.

Fotografie
(Inleiding tot fotografie werkswinkel)

8-16 Oktober (Twee naweek kursus)
Vrydag 8 Oktober 15:00-18:00
Saterdag 9 Oktober 9:00-16:00
Vrydag 15 Oktober 15:00-18:00
Saterdag 16 Oktober 9:00-16:00
Gebou F2, kamer G13

Kort en kragtige fotografie werkswinkel. Leer die basiese rondom jou kamera en hoe om 'n goeie foto te neem.

Die essensie van die kursus gaan oor wat 'n mens kan doen om teleurstelling te verhoed, en die beste te maak van elke situasie. Die verskillende aspekte van fotografie sal bespreek word, soos observasie, estetika en tegniese aspekte van toerusting en lig.
Die werkswinkel fokus op hoe tegniek gebruik kan word om 'n verlangde effek te verkry, en nie op wat is reg of verkeerd nie.

Dit is 'n visuele werkswinkel, dus sal baie voorbeelde deurgaande gewys en bespreek word. Die kursusgangers sal 'n paar praktiese projekte en oefeninge moet doen op toepassing van wat bespreek word.

Die kursus is gerig op persone met 'n belangstelling in fotografie (stokperdjie of beroepsgerig). In hierdie kursus leer die kursusganger die basiese beginsels van fotografie en hoe om 'n kamera te gebuik.

Kursusinhoud en -uitkomste

* Om die kursusganger vertroud te maak met die basiese werking van die SLR-kamera.
* Onderig in die beginsels en estetiese aspekte van goeie fotografie.
* Ontwikkel vaardighede om beter foto's te neem.

JA SWAER

Fotografie: Besigheidspraktyk

ses weke (21 Julie tot 25 Aug)
Woensdag 18:00 tot 20:00
Gebou F2, kamer G10
Aanbieders: Horst Butow,
Adriaan vd Walt,
Hesme Schoeman en Christina Naurattel

Die kursus is gerig op enige persoon wat graag 'n eie fotografie-onderneming wil begin.

Kursusinhoud

* Besigheidsbegrippe, finansiële beplanning, bestuurspraktyke en bemarkingstrategieë.
* Regsaspekte soos kontrakte, handelsmerke, patente en kopiereg.
* Aanbieding van werk: portefeuljes en tentoonstellings.
* Inligting oor die inrig van 'n ateljee.
* Apparatuur, toerusting en materiaal.

Fotografiewaardering- en -geskiedenis

ses tot agt weke (20 Julie tot 24 Aug)
Dinsdag 18:00 tot 20:00
Gebou F2, Kamer G10
Aangebied deur Prof. John Botha
R750

Leer hoe om foto's krities te evalueer en waardeer. Ontwikkelinge van fotografie in die 21ste eeu.

Kursusinhoud en -uitkomste

* Die vroeë ontwikkeling van fotografie: Camera Obscura tot die laat 18de eeu.
* Vroeg 19de eeu: Niepce en Daguerre, asook die kamerarevolusie.
* Ander baanbrekers soos Kodak, Eastman, Talbot en Nadar. Die belangrike bydraes deur Marey en Muybridge.
* Film en inkleding: Thomas Eakins, Dorothea Lange, Ansell Adams, Man Ray.
* Surrealiste, Sue Hartke, Stuart Franklin, John Heartfield.
* Kontemporêre verwikkelinge, 1940 tot 1990. Fotografie teen die einde van die 20ste eeu. Digitale fotografie.

* Die kursusganger sal na afloop van hierdie kursus oor 'n goeie oorsigtelike kennis van die vroeë ontwikkeling van fotografie tot en met die einde van die 20ste eeu beskik.
* Die kursusganger sal oor die vermoë beskik om foto's te evalueer en volledig te waardeer.
* Fotograwe sal die kennis prakties kan toepas.

KUKUMMI

27 Julie tot 14 September
8 sessies Dinsdag aande 19:00-21:00

Goedehoopstr. 3. Dam area. Potch
Reisgidse: Leon de Villiers (Bekroonde skrywer) & Juanita de la Harpe-Coetzee (Opvoedkundige sielkundige)
R2000

'n Kreatiewe Werkswinkel oor die stories van jou lewe

Jy is absoluut uniek en onherhaalbaar. Ontdek dit weer op 'n kreatiewe selfontdekkingsreis deur die stories van jou lewe.

Wie is die skrywer/s van jou verhale? Wat is die onderliggende temas in die enorme web van stories wat jou jy maak? Hoe lyk die stories van jou toekoms?
Gooi lig op hierdie en ander indringende vrae op 'n oorspronklike manier, deur op 'n begeleide binnetoer te gaan. Skep terselfdertyd jou eie lewensboek, volgens jou eie behoeftes en vermoens, as herinnering aan die besonderse reis.

Elemente: Vuur en Lig

9 Oktober

Elemente: Aarde en Water

16 Oktober
1 dag werkswinkel 15:00-21:00

Goedehoopstr. 3. Dam area. Potch / Botaniese Tuine
Reisgidse: Leon de Villiers (Bekroonde skrywer) en Juanita de la Harpe-Coetzee (Opvoedkundige sielkundige)
R550 per kursus

'n Kreatiewe werkswinkel oor die 4 klassieke elemente; water, lug, vuur en aarde.

Draai jou kreatiewe krane oop en ontdek nuwe dimensies in jouself.
Herontdek die kreatiewe potensiaal van die 4 klassieke elemente en skep jou eie kunswerke met behulp daarvan. Word so weer opnuut bewus van die opwindende interaksie tussen mens en natuur.

Leon: 083 475 9309
Juanita: 082 774 2160

Kreatiewe Onthaal

Ses weke (19, 26 Julie, 2, 16, 23 Aug, 6 Sept)
Maandag 18:00 tot 20:00
Aangebied by Christa Galli deur Berglau
R1400

Hierdie kursus is gerig op persone wat belangstel in kreatiewe onthaaltegnieke en hul kennis en vaardigheid daarin wil ontwikkel. Persone wat wil inskryf, hoef geen voorafkennis te hê nie.

1: Gange en onthale: Ontbyt, laat ontbyt, noenmale, ligte middagete, piekniek, braai en tee en koffie.
2: Gange en onthale: Hors 'd oevre, buffetetes, formele etes en skemerkelkies.
3: Onthaaletiket: Uitnodigings, die ideale gasvrou, gasheer en gas.
Spyskaartbeplanning: Keuse van geregte, balans van kossoorte en vele meer.
4: Tafeldektegnieke: Kreatiewe maniere van dek vir verskillende geleenthede, gebruik van servette, breekware en ander tafelversierings om die regte atmosfeer te skep.
5: Garnering, sowel as blom- en tafelversierings
6: Wynwaardering en -bediening: Die bediening van wyn en die regte gebruik van verskillende soorte glase saam met 'n ete maak dadelik van 'n gewone maaltyd 'n gesellige geleentheid.

Kreatiewe Intelligensie

3 en 4 September
Vrydag en Saterdag 9:00 tot 16:00
Gebou F2, kamer G13 & G10
Aangebied deur Ian Marley
R700

Effektiewe metodes om meer kreatief te wees.
Ná suksesvolle voltooiing van die kursus behoort die kursusganger in staat te wees om:
* Die breinmeganismes wat kreatiewe denke tot gevolg het te begryp en doelmatig te aktiveer met behulp van toepaslike denkstrategieë;
* 'n Groot aantal oorspronklike idees te kan genereer met behulp van gestruktureerde denkprosesses wat ontwerp is om innovasie doelmatig te stimuleer;
* Begrip te toon vir die faktore wat kreatiwiteit beïnvloed en hierdie faktore volgens voorgeskrewe riglyne effektief te kan bestuur;
* Die verskillende fases van die kreatiewe proses te kan begryp en elke fase se toepaslike aktiwiteite effektief te kan implementeer ten einde hoë vlakke van kreatiwiteit te verseker;
* Gestruktureerde denkprosesse te gebruik vir die effektiewe seleksie van die mees funksionele idee vir 'n voorgeskrewe grafiese ontwerp probleemstelling.

Inleiding tot Modeontwerp

23 tot 31 Julie (20 uur kursus)
Vrydag 23 en 30 Julie 18:00 tot 21:00
Saterdag 24 en 31 Julie 9:00 tot 17:00
Gebou F2, kamer G13 & G04
Aangebied deur Carina Louw
R800

Die kursus in gemik op enige persoon wat belangstel in modeontwerp en wat graag in die bedryf wil werk. Alle aspekte van modeontwerk word behandel, soos die ontwerp van patrone en reekse, asook hoe om soos 'n ontwerper te teken. Die kursus fokus op teorie én toepassing.

Kursusinhoud

Werksgeleenthede
Waar kan 'n mens modeontwerp gaan studeer?
Hoe werk die bedryf?
Hoe om 'n *moodboard* saam te stel
Ander aspekte:
* patrone
* materiaal
* teken
* ontwerp

Hoe om jou portefeulje saam te stel
Hoe om 'n reeks te ontwikkel en ontwerp.

Video

Final Cut Pro / iMovie

NEW

18 September
Saterdag 9:00 tot 18:00
Gebou F2, Mac lokaal k101
Aangebied deur Wessie vd Westhuizen
R1200

Hierdie een dag kursus is gerig op persone wat wil leer hoe om hulle videokameras suksesvol te gebruik en die video oor te plaas op DVD formaat d.m.v rekenaarsagteware.

Voorvereistes vir kursus:
Digitale "HANDHELD" Kamera wat op DVD, Hardeskyf of flashstick/memory stick kan skiet. Alle Kabels wat gepaardgaan met die kamera.

Sessie 1 Praktiese Video Werk
- Hantering van videokamera
- Film en video formate
- Video Estitika
- Redigering Estitika

Sessie 2 Digitale omskakeling van Video
- Basiese Sagteware opleiding in Apple Final cut Pro en iMovie
- Redigeringstegnieke en videoproduksie op die iMac
- Basiese tegniese Redigeringskuns
- Finaliseering van video werk en formatisering vir Hoë-definiese televisie en DVD toepassings deur middel van iDVD.

Adobe Photoshop CS4

14 Augustus
Saterdag 9:00 tot 13:00
Gebou F20, Perskor-rekenaarlokaal
Aangebied deur Elrie Visser
R500

Kursusgangers moet rekenaargeletterd wees. Leer die basiese beginsels. Met die program kan jy o.a jou foto's manipuleer.

Adobe Illustrator CS4

21 Augustus
Saterdag 9:00 tot 13:00
Gebou F20, Perskor-rekenaarlokaal
Aangebied deur Jaco Burger
R500

Kursusgangers moet rekenaargeletterd wees. Leer die basiese beginsels, hoe om met die program jou eie logo's, besigheids-kaartjies en briefhoofde te ontwerp.

Adobe InDesign CS4

11 September
Saterdag 9:00 tot 16:00
Gebou F20, Perskor-rekenaarlokaal
Aangebied deur Karin Joubert
R1000

Kursusgangers moet rekenaargeletterd wees. Leer die basiese beginsels. Met die program kan jy brosjures, koerante en tyd-skrifte uitlê.



Rekenaargebasseerde Werkswinkels

Hoe om te registreer:

Registreer een week voor datum van kursus (Bel vooraf om uit te vind of daar plek beskikbaar is en wanneer die volgende klas plaasvind). 10% heffing op fooi vir laat registrasies . Kursusfooie kan betaal word by die kassiere in die administrasie-gebou, Joon van Rooy, F1 of deur die bank. Die prosedure wat gevolg moet word:

1) Betaal kursusgeld by administrasie (Gebou F1) in die volgende rekening: 01.45401.57728.3.S497600.
Verstrek asseblief jou voorletters en van.

2) Inbetalings kan ook by die bank of deur die internet gedoen word:
ABSA Tomstraat, Takkode: 335138
Rekeningnommer: 670642313
Krediteur: PUK nr. 3, NWU, Potchefstroom.
Gebruik jou voorletters en van, asook 45401, as verwysing, bv. P Swanepoel 45401.

Die registrasievorm kan gebring, faks of e-mail word aan Jean le Clus, kamer G05, gebou F2, SAAM MET U BEWYS VAN BETALING. Geen registrasie word aanvaar sonder bewys van betaling nie.

Voorwaardes van registrasie:

* Die Sentrum vir Kreatiwiteitsopleiding behou die reg om 'n kursus te kanselleer indien onvoldoende registrasie ontvang word. In so 'n geval sal alle kursusgangers in kennis gestel word en alle gelde sal terugbetaal word.

* Kansellasies sal tot vyf werksdae voor 'n betrokke kursus begin aanvaar word en gelde sal terugbetaal word (20% administrasie fooi). In die geval waar u nie vyf werksdae voor die kursus in aanvang neem kanselleer nie, sal u geld nie aan u terugbetaal word nie.

* Onvoorsiende omstandighede kan tot gevolg hê dat iemand anders die kursus aanbied.

* Besondere vereistes word gestel ten opsigte van die minimum en maksimum getal inskrywings per kursus. 'n Vasgestelde getal kursusgangers moet inskryf alvorens 'n kursus aangebied kan word. Indien al die plekke gevul is, sal geen verdere registrasies toegelaat word nie.

Titel

Van

Voorletters

Noemnaam

Huistaal

ID-nommer

Posadres

Kode

Tel. ( )

Sel. ( )

E-pos adres

Studentenommer/ Diverse kaartnommer

Sertifikaat afr/eng ?

Kursus(se) waarvoor u registreer

Handtekening (ek verstaan al die voorwaardes van registrasie en bl.7)